Skriflesing: 1 Timotheus 6: 3 – 10
Teks: **1 Timotheus 6: 6**
Sing: VOORAF SANG- Sb 11-2 (52):1, 4
TYDENS EREDIENS – Ps. 66:1,7; Ps. 105:24; Ps. 102: 1,2; Ps 62:1, 7
1 Timotheus 6: 3 – 10

1Ti 6:3 As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie,
1Ti 6:4 is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery,
1Ti 6:5 voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak.
1Ti 6:6 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het,
1Ti 6:7 want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie.
1Ti 6:8 As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees.
1Ti 6:9 Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word.
1Ti 6:10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.

Skriflesing: 1 Timotheus 6: 3 – 10
Teks: **1 Timotheus 6: 6**
Sing: VOORAF SANG- Sb 11-2 (52):1, 4
TYDENS EREDIENS – Ps. 66:1,7; Ps. 105:24; Ps. 102: 1,2; Ps 62:1, 7

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die laaste hoofstuk van Timotheus het ons reeds gesien werk met drie groot dinge wat ons lewe dag tot dag raak. Verlede Sondag het ons gehandel oor hoe ons na ons werk kyk. Daar waar ek elke dag my brood moet verdien. Spesifiek skryf Paulus aan Timotheus oor hoe slawe na hulle werk en werkgewers moes opsien. Daar waar die slawepraktyk vir baie eeue deel van die normale lewe was, word aan die slawe dit gestel dat hulle hul eienaars met eerbied moet bejeën.

Nie om mense tevrede te stel nie, maar in alles soek Paulus altyd God se eer. Ook moet die slawe so optree dat niemand van God se Naam sal kwaadpraat nie en dat die Christelike leer nie belaster word nie. God se Naam en die gesonde leer is waarbinne ons ons lewens ook moet inrig. Al is ons lankal nie meer slawe nie en deur die groot genade van die Here het die slawepraktyk tot 'n einde gekom, verander niks aan hoe ek in alles altyd tussen die eer van God se Naam en dit wat die gesonde leer is, my lewensbaan moet vind. My dag tot dag lewe het altyd die twee bakens, let op die eer van God se Naam en let op die gesonde leer. Dit wat jou en my werk betref maar gaan ons vandag ook oor na ons geldsake.

***

Ons praat maklik oor ons geldsake maar uit wat God vandag in hierdie laaste hoofstuk van 1 Timotheus ons laat verstaan, baie kwaad en baie sonde, ja baie ongelukkigheid het in hierdie lewe dikwels met mense se geldsake te make. Hoekom is daar dikwels soveel onenigheid, spanning en verskille as dit by finansies kom? Ons moet ons hieroor ook vanuit die gesonde

leer kan verantwoord. Die vraag kan eerstens gevra word- wat is ware rykdom? Tweedens hoe arm is baie mense al dink hulle, hul is ryk. Laastens die groot wins in wat ware godvresendheid is. Eerste dan-

Wat is ware rykdom?

Ware rykdom begin nie by baie geld nie, maar by die rykdom van die gesonde leer. As kerk is ons voortdurend blootgestel aan dwalinge en dwaalleraars. In hierdie brief van Paulus is daar deurlopend die waarskuwing om nie van die gesonde leer weg te dwaal nie. Daar kom op ons lewenspad dikwels so baie dwalinge wat met die gesonde leer in stryd is. Daarom is dit so belangrik dat Timotheus, maar ook ons, die woorde in vv. 3-4 baie goed ter harte moet neem. *3 As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie, 4 is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery ...*

Dit staan buite alle twyfel, dwaalleer is dodelik gevaarlik. Dit is nie woorde wat gesond maak en wat die lewe gee nie. Dit is nie woorde wat ons leer om tot eer van God te lewe nie. Dit is nie die Evangelie nie. Ware rykdom kan ek nie met geld meet nie, maar het te make of ek waarlik in die Here glo. Glo ek werklik dat God vir my sorg. Elke dag voorsien die Here.

Het u dit in u lewe ook al so kon agterkom. Wanneer ek gedink het nou is dit regtig ’n geval van finansieel sal ek nie weer opstaan nie, dan besef ons my opstaan staan eintlik los van geld. Baie sal redeneer ek sal nie kos en klere kan hê, as ek nie geld het nie. Dit mag so wees maar is ons bereid om by te voeg dit wat ware rykdom is as ons teksverse vir ons sê - *6 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het ...* Die moeiliker deel staan in vers 8 - *8 As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees.*

***

Ons hoor dit weer .... Ware rykdom lê in die ware geloof. Die geloof wat Sondag 10 V/A 27 van die Kategismus jou en my laat vra- **Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?** Om dan te antwoord dit wat ons belydenis is - ***Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.*** Direk hiermee saam is V/A 28 ook van groot waarde ... Die vraag- **Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy**

voorsienigheid onderhou? Die antwoord op hierdie vraag bring ons by die werklike hoogtepunt van ware rykdom uit. ***Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.*** Ons ware rykdom lê in die ware geloof dat niks ooit per toeval gebeur nie. Alles wat gebeur is in God se hand. Die almagtige en oralteenwoordige krag van God is in jou en my lewe aan die werk. Wie dit weet en waarlik die betekenis hiervan in sy/haar lewe begin toepas, sal besef nie die krag van geld, my koopkrag kan die lot van my lewe bepaal nie. Hoe 'n belaglikheid is dit net nie, dat geld so dikwels die waarde van mens-wees wil meet, terwyl die grootste wat daar is, God se almagtige en oralteenwoordige krag niks met finansies en geld te make het nie, maar dat dit eintlik ons ware rykdom is.

***

Die meeste van die dinge wat V/A 27 noem is in alle geval dinge wat geld nie kan koop nie. Kan geld lower en gras koop, dalk 'n klein deeltjie maar die meeste gras kom van reën. Kan geld reën koop? Kan geld God omkoop dat daar vrugbaarheid in ons veld en diere kan wees. Vrugbaarheid in onsself kan wees. Geld kan dit nie doen nie! Kan geld maak dat ek altyd gesond sal wees?!

Ons besef die grootste van dinge, reën en suurstof, vrugbaarheid, gesondheid, noem maar op, geld kan dit nie koop nie. Hoe baie mense met baie geld wil hulle op hulle geld beroem wat eintlik so min werd is in vergelyking met wat God vir jou skenk in wat ware rykdom is. Dinge wat geen geld kan koop nie! Daardie woorde van Agur in Spreuke 30 moet dalk meermale ook ons gebed wees- Spreuke 30: 7 – 9 ... *7 Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: 8 moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, 9 sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie.* Die 2020 het vir my 'n mooi vertaling hieruit - *Moet my nie armoede of rykdom gee nie; breek my porsie brood vir my af, 9 sodat ek nie oorversadig raak en U misken en sê, "Wie is die HERE?" nie, of verarm en steel,en die naam van my God geweld aandoen nie.* Hoe mooi dat ons dit vir die Here vra ... *breek my porsie brood vir my af.*

Hoeveel is werklik bereid om hierdie gebed saam met Agur te bid ... *moet my nie arm maak nie,* MOET MY OOK NIE RYK MAAK NIE... In al twee is daar soveel gevare wat ’n mens in eie krag eintlik nie kan oorwin nie, want is ons tweede gedagte juis vandag -

Hoe arm is baie mense, al dink hulle, hul is ryk!

Dit is ’n basiese dwaling en die meeste mense is deel van hierdie dwaling. Mense wat dink rykdom bring geluk. En agter hierdie dwaling het ons dikwels te make met die predikers van die welvaart-teologie. Dit sal met jou goed gaan as jy regtig glo. Jy sal materiële welvaart ervaar as jy net glo! Teëspoed is deel van ongeloof. Daar word selfs gemaak dat as jy net bid dat God vir jou net nog meer geld en meer geld sal gee, dan is jy met ware geloof besig. Teëspoed en siekte en armoede kom volgens hierdie mense nie van God af nie. Tragies so ’n geloof!

***

Hierdie dwaalleraars het ’n manier om met godsdiens ook allerhande slim planne te wil maak en wil hulle die kerk en godsdiens vir hulle eie sakke en gewin misbruik. As ons in ons eie land en ook dieper Afrika inbeweeg, dan is dit verskriklik om te sien hoeveel honderde groeperinge en sektes loop te koop met wat hulle hulself as kerk voordoen. In Afrika is dit nie snaaks dat omtrent in elke tweede straat iets opgerig word en geskryf word wat as kerk voorgehou word. So het ek dit enkele jare gelede in Lusaka self gesien en ervaar.

Alles weer terug na die welvaart teologie. Nie net in Afrika nie, maar baie van die werklike welvarendes in Suid Afrika loop ook hiermee te koop. Kyk maar na al die berigte en gerugte aan die At Boshoff naam gekoppel. Iets van ’n groot ironie tussen die armstes in Afrika en van die rykstes in Afrika. Beide omarm die welvaart teologie. Kyk maar na van die groeperinge wat hulle pastore in helikopters rondvlieg en hulle bou “mansions” wat duisende mense sitplek bied. Hoe meer daar kan inpas hoe meer geld kan gemaak word. En maak nie ’n fout nie, die mense stroom in hulle duisende na hierdie plekke om die boodskap van welvaart hulle eie te maak.

***

Dit bly vreemd en eienaardig hoe kry die tipe kerke dit reg om mense so na hulle te trek? Dalk is iets van die spreekwoord van die ouer mense in die teologie ook waar. Om die vrotste vleis draai die meeste brommers! Dit is regtig ’n vrotsige teologie wat verkondig word maar hulle gaan net aan en aan. Eerder as om die skape van die Here te voed, vreet hulle die skape op. Eerder as om in liefde te bedien, kyk hulle hoeveel hulle vir hulself kan vat. In die politiek het staatskaping ’n groot ding geword maar moet die vraag dalk net

soveel gevra word, in watter mate is mense besig om die kerk te kaap, dat dit eintlik geen ware kerk meer is nie. Kerke wat ter wille van geldelike gewin misbruik word maar lankal nie meer by die gesonde leer staan nie, so lank daar net vet beursies kan wees.

Die skerp kant van die welvaart teologie, dit wat eintlik die wortel van die kwaad is, is wat ons noem geldgierigheid. Hoe duidelik lees ons dit in vv. 9-10. *9 Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. 10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.*

***

Geldgierigheid word iets van ’n voedingsbron vir baie ander ellendes. Dink ons genoeg daaraan?! Die Here waarsku ons dat die najaag van geld maak dat mense van die geloof afdwaal. Daardeur het hulle hulself baie ellende op die hals gehaal. Die skatryk mens wat dink sy/haar geld maak hulle gelukkig, op die einde word so ’n mens ’n ellendige mense. Dit is ’n ellende wat hul hulself op die hals haal. Die 2020 vertaling stel *hierdie mense het hulleself met baie smarte deurboor.* Hoe dikwels kom gesonde verhoudinge ook deur geld in die gedrang.

***

Ons moet fyn onderskei. Daar moet geld wees en geld op sigself is nie die probleem nie. Jesus het Petrus gestuur om ’n vis te gaan vang en was daar ’n geldstuk in die vis se bek toe die fondse ontbreek het (Matt. 17:27). Geldgierigheid is waarby dit aankom. Dit maak dat mens eintlik baie arm is, al dink ek dalk ek is ryk. Ons kry baie voorbeelde van gelowiges wat wel baie geld het maar ook in die geloof ryk was. Dink aan Abraham, aan Job, selfs koning Dawid. Dit bly egter ’n groot kuns om die rykdom reg te hanteer. Jesus se advies aan ’n ryk jongman wat geworstel het met kan my baie geld my darem nie in die koninkryk ’n trappie hoër as die ander plaas nie. Ons lees van hierdie worsteling in Matt. 19: 20 – 22 as die ryk man met Jesus wou redeneer.... 20 *“Dit alles het ek nagekom,” het die jongman gesê. “In watter opsig skiet ek nog te kort?” 21 Jesus het hom geantwoord: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My.” 22 Toe die jongman dit hoor, het hy bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.*

<u>Die groot wins in ware godvresendheid:</u>

Die Here wil ons beslis nie bedruk laat in die hantering van ons geldsake nie. Trouens niks van wat ek my geld noem is regtig myne nie. Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan. Die werking van jou eie ekonomie maar ook die groot geheel van die ekonomieë van die wêreld is in die Here se hande. Wie net hierdie enkele punt al kon raaksien en daarbý leef sal iets beleef van die groot wins in ware godvresendheid. Ons teksverse staan dit eintlik so mooi - *6 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, 7 want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie.* Die 2020 Vertaling stel dit- *6 Wat wel 'n groot wins is, is godvresendheid wat met tevredenheid gepaardgaan. 7 Ons het immers niks in die wêreld ingebring nie, en ons kan niks daaruit wegneem nie ...* Dit sê alreeds vir ons ek moet my geldsake so hanteer al met die oog op die ewige lewe. Dit waarmee ons DV 'n volgende keer hierdie reeks uit die eerste Timotheus brief mee kan afsluit. Hoe is ek nou alreeds besig om die ewige lewe te omhels.

Vir vandag besef ons 'n godvresende lewe maak 'n mens tevrede. Om vir geld te lewe is dwaas! Dit wat Jesus Christus vir ons kom doen het, die prys wat Hy vir ons betaal het, kan geen geld ter wêreld in alle geval koop nie. So min soos wat ek reën kan afkoop so min kan ek my verlossing afkoop. Alles is net genade, ook as ek baie geld het, moet daaragter geskryf kan word - ALLES GENADE ... NET GENADE. Soos iemand die week vir my gesê het, wat ek wel weet hy het baie geld. Ek moet besef watter erge spanninge en las dit op 'n mens plaas om wel daardie baie geld reg te bestuur. Net 'n enkele verkeerde besluit wat in 'n oomblik kan gebeur en dan is daar nie meer geld nie. Soos hy dit ook gestel het, die verskil tussen geldgierigheid en rentmeesterskap is waar ons sukses lê.

Geldgierigheid maak mense dood, het al baie doodgemaak. Hoeveel selfmoorde het al rondom geld gedraai. Dink maar aan die onlangse Steinhoff tragedie, mense wat tragies hulle eie lewe neem. Weereens 'n godvresende lewe maak 'n mens tevrede want ek weet die Here sorg. En ek wat rentmeester vir God moet wees Hy sal van my rekenskap eis ook hoe ek die geld laat werk het vir Hom en vir wat sy koninkryk van ons eis. Ook op finansiële gebied bly die groot waarheid in God se koninkryk altyd geld- Matt. 6 vers 33: *33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.* As ek dit besef dan is die res van Matt. 6 ook maklik om te verstaan ... *34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.*

Mag u, mag ons elkeen werklik hierdie groot wins in ware godvresendheid nie net verstaan nie, maar ook in ons lewens ervaar en reg kan toepas. Die Heilige Gees is die enigste Een wat jou en my dit werklik kan laat verstaan en ervaar. Vra die Here, bid die Here daarvoor! Moenie vir geld lewe nie, maar lewe vir God. Lewe godvresend wat nie beteken ek sidder en beef as ek my voor God moet stel nie, maar ek weet dat God Almagtig is. Om Hom te vrees is om Hom lief te hê, om Hom te dien, ook op finansiële gebied soos Hy sê Hy gedien moet word.

Daarin is selfondersoek elke dag weer nodig. Daarin is dit so heilsaam as ek aan die einde van my lewe sal kan sê- “ek is tevrede, of dalk nog beter gestel, ek is vergenoeg”.

AMEN